F19

[19]

# FAKSVOORBLAD/FAX COVER SHEET

## SUID-AFRIKAANSE KOMMUNIKASIEDIENS
(HOOFKANTOOR - ADMINISTRASIE)

## SOUTH AFRICAN COMMUNICATION SERVICE
(HEAD OFFICE - ADMINISTRATION)

FAKS/FAX NO.: (012) 212360

DATUM/DATE: 93-05-19

LÊERVERWYSING: S15/6
FILE REFERENCE:
(L.W. MOET TE ALLE TYE INGEVUL WORD)
(N.B. TO BE COMPLETED AT ALL TIMES)

LEWER ASB. DIE VOLGENDE BLADSYE AAN:
PLEASE DELIVER THE FOLLOWING PAGES TO:

MEDIA TEGNIESE KOMITEE
KAMER U 101 WORLD TRADE CENTRE

FAKS/FAX NO.: 011 - 397 2211

VAN/FROM: Hoof: SA Kommunikasiediens TEL.NO.: 012-3142154

AANTAL BLADSYE TOTAL PAGES: 6 MET VOORBLAD INCLUDING COVER SHEET

ONDERWERP/SUBJECT:

PUBLIKASIES: SA KOMMUNIKASIEDIENS

BOODSKAP/MESSAGE: Inligting soos deur u versoek aan mnr. D.P. Venter, Hoof: SAKD op 19/5/93

Indien u nie al die bladsye ontvang het nie, kontak asb. so gou moontlik by Telefoon: (012) 325 3160 X 2128

If you did not receive all the pages, please call as soon as possible at Telephone: (012) 325 3160 X 2128

*Geniet die dag/Have a nice day!*

HANDTEKENING/SIGNATURE
VERAANTW.:
RESPONSE.: 07 93

AP000034.TAO

254

# PUBLIKASIES VAN DIE SA KOMMUNIKASIEDIENS

Die Direktoraat Publikasies is onderverdeel in die subdirektorate Tydskrifte, Boeke en Brosjures, Beleidskommunikasie en Massakommunikasie.

## BOEKE EN BROSJURES

Dié subdirektoraat het vanjaar weer eens die Amptelike Jaarboek in albei amptelike tale uitgegee. 'n Oplaag van 13 100 teen 'n drukkoste van R179 560, dit wil sê R13,71 per eksemplaar, is gedruk. Hiervan het die Departement van Buitelandse Sake 7 600 aangekoop vir verspreiding in die buiteland. Die res is binnelands bemark.

Deur die bladuitleg self in-huis met behulp van 'n rekenaar te doen kon die Jaarboek vanjaar gelyktydig in Afrikaans en Engels uitgegee word. Daarbenewens is ongeveer R60 000 drukkoste bespaar en die redaksie is met een personeellid verminder.

Hierbenewens is die volgende brosjures en voubiljette op versoek van die SAKD en ander staatsdepartemente geproduseer:

| TITEL | GETAL P'S | OPLAAG | DRUKKOSTE | KOSTE/EKS |
|---|---|---|---|---|
| This is SA '92 | 190 | 98 000 | R 392 000 | R 4,00 |
| Lessenaarkalender '93 | 58 | 7 000 | R 119 000 | R17,00 |
| Jaarverslag '91 | 24 | 750 | R 10 500 | R14,00 |
| SA Profile | 40 | 25 000 | R 31 250 | R 1,25 |
| Tuynhuys [A/E-herdruk] | 56 | 5 000 | R 30 000 | R 6,00 |
| Muslims of SA | 12 | 10 000 | Gefinansier deur Buitelandse Sake | |
| SA - invest in mineral industry | 44 | 10 000 | R 30 000 | R 3,01 |
| Conservation in SA | 20 | 10 000 | Gefinansier deur Buitelandse Sake | |
| Die Ou Raadsaal [A/E] [brosjure en pamflet] | 40 | 4 000 | Gefinansier deur Onderwys en Kultuur | |
| Groote Schuur [A/E] | 36 | 5 000 | Gefinansier deur Kantoor van die SP | |
| Discover SA's Wild Flowers and the National Botanical Gardens | 16 | 800<br>30 000 | R 5 200<br>Gefinansier deur Buitelandse Sake | R 6,50 |
| A - A country of contrasts | 8 | 10 000 | Gefinansier deur Buitelandse Sake | |

255

| TITEL | GETAL P'S | OPLAAG | DRUKKOSTE | KOSTE/EKS |
|---|---|---|---|---|
| The SA Nurserymen's Association | 6 panele | 10 000 | Gefinansier deur Buitelandse Sake | |
| Aftelling vir die verkiesing | 10 panele | 25 000 | Gefinansier deur SOD | |
| Women reach out in SA | 8 panele | 1 000 | R 3 060 | R 3,06 |
| SA Regering se benadering tot grondwetlike proses [A/E] | 10 panele | 25 000 | R 7 950 | R 0,32 |
| Nasionale Kommunikasiebeleid en Strategie [A/E] | 18 panele | 6 000 | R 6 000 | R 1,00 |
| Gelykheid vir vroue [11 tale] | 14 panele | 108 700 | Gefinansier deur Justisie | |
| Fundamentele regte vir almal [11 tale] | 14 panele | 239 850 | Gefinansier deur Justisie | |
| SA - A Glimpse | 2 | 6 000 | R 600 | R 0,10 |
| Airports: A new approach [E/A] | 10 panele | 16 000 | Gefinansier deur Vervoer | |
| This is SA '93 | 116 | 97 000 | R 300 000 | R3,09 |

**TYDSKRIFTE**

Dié subdirektoraat het twee tydskrifte SUID-AFRIKAANSE PANORAMA/SOUTH AFRICAN PANORAMA en SOUTHERN AFRICA TODAY gepubliseer. 'n Derde temagerigte publikasie, AKSENT/ACCENT, het in April 1993 verskyn met 'n aanvanklike oplaag van 37 000.

**SA PANORAMA**

Ses uitgawes van SA PANORAMA in albei amptelike tale met 'n totale oplaag van 238 942 se drukkoste was R1 453 514, dit wil sê R6,00 per eksemplaar.

Publikasie van SA PANORAMA is met die uitgawe Januarie/Februarie 1993 gestaak.

**SA TODAY**

Agt uitgawes met 'n totale binnelandse oplaag van sowat 180 000 se drukkoste was R448 550, dit wil sê R2,49 per eksemplaar. Sowat 58% van die totale oplaag van die tydskrif is deur die Departement van Buitelandse Sake aangekoop vir verspreiding in die buiteland.

Publikasie van SA TODAY is met die uitgawe van Desember 1992 gestaak.

| ITEL | GETAL P'S | OPLAAG | DRUKKOSTE | KOSTE/EKS |
|---|---|---|---|---|
| . PANORAMA | 484 | 238 942 | R1 453 514 | R6,08 |
| . TODAY | 336 | 180 000 | R 448 550 | R2,49 |

256

Twee publikasies is in die verslagjaar deur dié subdirektoraat bedryf naamlik RSA-BELEIDSOORSIG/POLICY REVIEW en BELEIDSGIDS/POLICY GUIDE. Die Afrikaanse en Engelse taalredakteurs wat verantwoordelik is vir die taalversorging van alle geskrewe inligting van die SAKD ressorteer ook onder hierdie subdirektoraat.

**RSA-BELEIDSOORSIG/POLICY REVIEW**

RSA-BELEIDSOORSIG/POLICY REVIEW is 'n publikasie waarin, soos die titel aandui, regeringsbeleid en -inisiatiewe in die vorm van onderhoude en artikels uitgedra word. Dit bied 'n oorsig van beleidsrigtings en belangrike beleidsverklarings en -dokumente word hierin vervat.

Die publikasie is veral van nut vir politici, akademici, navorsingsinstansies, die media en staatsdepartemente. Artikels en belangrike onderhoude word dikwels reeds voor verskyning in die blad, aan die media beskikbaar gestel.

Tot Julie 1991 het die publikasie tien keer per jaar in die afsonderlike Engelse en Afrikaanse uitgawes verskyn. Van die Augustus-uitgawe af is die twee uitgawes tot een saamgevoeg met artikels in een amptelike taal en 'n opsomming in die ander.

Die samevoeging van die twee tydskrifte het onder meer meegebring dat die personeel minder tyd aan vertalings en meer aan die samestelling van die publikasie kon bestee.

Die tydskrif se oplaag beloop sowat 3 500. Die Departement van Buitelandse Sake het ongeveer 1 000 eksemplare vir verspreiding aan Suid-Afrikaanse missies gekoop maar dié reëling is in Julie gestaak.

Die begroting vir die publikasie beloop R203 000. Die eenheidskoste was R4,50.

**BELEIDSGIDS/POLICY GUIDE**

Dié nuusblad, wat tweeweekliks verskyn, hou senior staatslui op die hoogte van ontwikkelinge op die gebied van regeringsbeleid, die staatkundige proses en ander beleidsake wat vir hulle van belang is.

Die blad is wyd in aanvraag en die oplaag, wat steeds groei, is ongeveer 9 500.

Die begroting beloop R115 000. Die eenheidskoste was R0,44.

**SUBDIREKTORAAT MASSAKOMMUNIKASIE**

Ten einde die hoogste mate van finansiële doeltreffendheid en koördinering van bestuurs- en joernalistieke aktiwiteite binne die SAKD se sewe streekkoerante te verseker, is die subdirektoraat Massakommunikasie met ingang 1 April 1992 by die hoofkantoor gevestig.

Gesentraliseerde beheer oor die begroting van R3 370 507 (waarvan R1 790 600 bestem is vir die drukkoste van die koerante) is sodoende bewerkstellig.

Personeel

Benewens redaksielede by die SAKD-koerante beskik die subdirektoraat op hoofkantoor oor 'n sentrale redaksie van drie lede wat die SAKD-koerante van sentrale temas voorsien, asook die SAKD-Nuusdiens met 'n redaksie van vier wat veral die plaaslike pers en streekradio een keer per week van nuus aangaande staatsaangeleenthede voorsien. 'n Stuk of 150 koerante word sodoende bereik. Sapa word ook van tyd tot tyd by wyse van rekenaar van nasionale nuus voorsien.

**Finansies**

Die onderskeie streekkantore van die SAKD was tot einde Maart 1992 verantwoordelik vir hul eie begrotings om koerante en nuusbriewe in die betrokke etniese gebiede uit te gee. Teen die einde van die 1991/1992-boekjaar het die gesamentlike drukkoste van die sewe streekkantore en die nuusbriewe op R3 352 389 gestaan

Met die aanbreek van die 1992/93-boekjaar was die onderskeie begrotings vir die SAKD-koerante reeds toegeken aan die streekkantore. Die gesamentlike drukfondse van R2 190 600 [waarvan R400 000 vir nuusbriewe by die streekkantore gelaat is] is in die loop van die jaar hertoegedeel aan die subdirektoraat Massakommunikasie.

Die posisie ten opsigte van die SAKD-koerante was op 1 April 1992 soos volg:

* **Light/Khanya** - Pretoriase streekkantoor. Voertaal Engels vir verspreiding in Noord- en Oos-Transvaal. Redaksie van drie. Oplaag 170 000. Begroting R417 000. [Oplaag gerasionaliseer na 90 000 teen Desember 1992.

* **Metropolitan Digest** - Johannesburgse streekkantoor. Voertaal Engels vir verspreiding in die swart metropolitaanse gebiede van die Witwatersrand. Redaksie van drie. Oplaag 130 000. Begroting R214 000. [Oplaag gerasionaliseer na 60 000 teen Desember 1992.]

* **Vision** - Durbanse streekkantoor. Voertaal Engels vir verspreiding onder die Asiatiese bevolking. Redaksie van drie. Oplaag 40 000. Begroting R190 000. [Oplaag gerasionaliseer na 35 000 teen Desember 1992.]

* **Izindaba** - Durbanse streekkantoor. Voertaal Zoeloe vir verspreiding onder die Zoeloe-sprekendes van Natal. Redaksie van Vision bedien ook die koerant. Oplaag 40 000. Begroting R166 000. [Oplaag gerasionaliseer na 35 000 teen Desember 1992.]

* **Umso** - Port Elizabethse streekkantoor. Voertaal Engels en Xhosa gemeng vir verspreiding in Oos-Kaapland. Redaksie van drie. Oplaag 110 000. Begroting R289 500. [Oplaag gerasionaliseer na 60 000 teen Desember 1992.]

* **Karet** - Kaapstadse streekkantoor. Voertaal Afrikaans vir verspreiding onder die Kleurlingbevolking. Redaksie van vier waarvan een ook parlementêre diens verrig. Oplaag 120 000. Begroting R294 900. [Oplaag gerasionaliseer na 90 000 teen Desember 1992.]

* **Puisano** - Bloemfonteinse streekkantoor. Voertaal Afrikaans,

258

Engels en Sotho gemeng vir verspreiding in die Vrystaat en gedeeltes van Noord-Kaapland. Redaksie van drie. Oplaag 90 000. Begroting R219 100. [Oplaag gerasionaliseer na 80 000 toen Desember 1992.

'n Nuwe korporatiewe beeld is in die loop van die jaar deur al sewe koerante getrek, onder meer deur die ontwerp van nuwe mashoofde. 'n Aantal nuwe rubrieke, waaronder 'n verbruikersrubriek wat handel oor staats- en ander verbruikersprobleme, is terselfdertyd gevestig.

'n Maandelikse koerant, SHARE, word ook deur dié subdirektoraat ten behoewe van die Departement van Buitelandse Sake saamgestel. Die koerant word in Afrikalande versprei.

93030301.vsg/HDV3/jk